Die beskikbare pa

Lukas 15:1-3; 11-32

Inleiding

Party pa's is afwesige pa's. Net eenvoudig nie daar nie. Al wat die kinders het is die pa se goeters... maar nie die pa nie.

Ander pa's is daar... maar nie teenwoordig nie. Al wat die kinders dan het is om te spook vir die pa se goedkeuring.

Maar die pa se goed, en die pa se goedkeuring is nog nie 'n goeie pa self nie.

Dis vir baie mense hoe hulle verhouding met God werk. Dalk is dit met jou ook so...

Dis hoekom Jesus hierdie storie van die beskikbare pa vertel het...

[Lees teks: Lukas Lukas 15:1-3; 11-32]

Goedere of goedkeuring

Op 'n goeie dag eis die jongste seun sy erfdeel. Dink jouself in watter belediging dit moes wees. Pa, ek stel nie eintlik in jou belang nie. Ek kan ook nie wag tot jy doodgaan nie. Ek wil jou nie hê nie, ... ek wil eintlik net jou goed hê. En dan... verstommend... verdeel die pa sy besittings tussen sy seuns. Ook die oudste seun het dus volgens die gebruik sy erfdeel toe al gekry, maar nog saam met sy pa gebly en werk.

Die jongste seun het belang gestel in die pa se goed en nie in die pa-self nie.
Die opwindende lewe en vreugde wag daar buite. Met my pa se goed kan ek dit alles myne gaan maak en vry kom. Los om te maak wat ek wil en vir my vreugde gee.

Die oudste seun het ook nie eintlik belang gestel in die pa nie, net in die pa se goedkeuring, ...veral noudat sy broer so teleurstelling is! Dit het ook maar net oor homself gegaan.
Hy wou nie sý erfdeel wat klaar vir hom ook uitgewerk is, net vat nie. Hy wou daarvoor werk. Vir hom het die vreugde nie buite gewag nie maar binne, in 'n plek waar hy vreugde gesoek ook maar in homself.

Hy sê later woedend teenoor sy pa: "Kyk, al die jare werk ek soos 'n slaaf vir Pa. Nog nooit was ek ongehoorsaam aan enige iets wat pa van my gevra het nie, en Pa het dit nog nooit eers raakgesien en vir my 'n ou bokkie gegee om saam met my vriende te ontspan nie." (v29)

Dan antwoord sy pa: "Kind, jy is altyd by my, en alles wat ek het , is ook joune."

Hierdie twee tipe mense kry ons nog steeds vandag. Mense wat voel dat vryheid om te doen wat jy wil hulle regtig geluk sal gee. Die reëls en norme van die samelewing steel net vreugde en is 'n manier van ander om beheer oor jou te kry. Die lewe daar buite is daar om te gebruik om jouself gelukkig te maak.

Die ander groep soek eintlik presies dieselfde, net op 'n ander manier. Hulle voel weer om by die reëls te bly en te doen wat God en die samelewing verreis sal maak dat jy goed kan voel oor jouself. Dán kan jy tevrede en trots voel as iemand wat 'darm hulle kant bring'.

Ek dink ek was al altwee. Ek het al God se goeters gesoek sonder om naby Hom te wil kom, en ek het al God se goedkeuring gesoek... sonder om naby Hom te wil kom. Ek weet nie of jy jouself hierin kan raaksien nie?

Nou, wat Jesus hier leer in hierdie gelykenis is dat nie een van hierdie twee paaie bring jou by wat altwee hierdie groepe mense eintlik soek nie: diep geluk, en tevredenheid.

Jy sien... die een mens soek verlossing van die moeilikheid van die lewe en sy dinge deur God se goed, die ander soek dit deur God se goedkeuring... maar nie een van hulle soek vervulling in God se goedheid-self nie. Hulle sit vas in een van die ander twee plekke.

Ons sal hierdie dinge nog beter verstaan as ons kyk wat het gemaak dat Jesus hierdie gelykenis in die eerste plek vertel het.

Kom ons gaan terug na vers 1-3:
"Die tollenaars en sondaars het almal die gewoonte gehad om na Jesus te kom luister. Hierteen het die Fariseërs en die skrifgeleerdes beswaar gemaak en gesê: Hierdie man ontvang sondaars en eet selfs saam met hulle."

Dis wat Jesus hierdie gelykenis laat vertel het. Die twee groepe mense waarvan ons nou net gepraat het was daar langs Jesus. Die tollenaars en sondaars wat nie belang gestel het in enige reëls of norme van die samelewing nie, ...net om in die goed van die lewe vreugde te soek. En die Fariseërs en Skrifgeleerdes wat by al die reëls en norme van die samelewing gebly het. En wat Jesus gedoen het deur saam met die skelms en skuim te kuier, het nie by hulle idee van godsdiens gepas nie.

Jesus antwoord met hierdie gelykenis hulle opmerking oor waar hy kuier... en dring veral hierdie 'kerkmense' wat dink hulle saak is dalk al van kleins af reg, om weer oor hulleself te dink. Daar is twee dele aan Jesus se antwoord.

Die eerste deel van Jesus se antwoord vir kerkmense sien ons in die pa se reaksie op sy jongste seun. Hy is gretig beskikbaar! As hy sy seun

sien aankom hardloop hy uit, druk hom, soen hom, hy ignoreer sy seun se aanbod om als terug te werk en hou 'n fees.

Jesus verduidelik hoe beskikbaar God-self is vir elke siel wat eers net in God se goed belang gestel het. En gee nie om wat hulle al in hulle lewens aangevang het nie – God-self bly beskikbaar. Dit is hoekom Jesus nou tyd het vir elke soekende mens wat agter begin kom dat God se goed nie so Goed is as God nie.

God sê: Vergeet van my goed, Ekself is gretig beskikbaar!!

Die tweede deel van Jesus se antwoord vir hierdie 'kerkmense' sien ons in die pa se vraag vir die oudste seun: Hoekom probeer jy daarvoor werk? Ek was nog heeltyd gretig beskikbaar. Dit is dat, as jy aan die ander kant net baie hard probeer reg lewe, en jy nie al die sondes doen wat die ander doen nie, jy eintlik nog steeds die punt mis. Jesus wil hê dat die 'kerkmense' moet verstaan dat hulle goedheid nie so goed is as God se goedheid waarin hulle weer kan vrede kry nie.

God sê: Vergeet van jou goedkeuring, Ekself is gretig beskikbaar!!

Dis Jesus se antwoord oor hoekom hy kuier waar hy kuier, want sien: Al kan jy jouself dalk sien in die jonger of die ouer broer... Jesus wil deur die storie dat Vanderbijlpark eintlik die fantastiese Pa raaksien.
Die lewe sit in God se beskikbare goedheid. Nie in sy goed of sy goedkeuring nie.

Verlossing in jou lewe gaan oor wie God is in Homself wat Hy vir ons aanbied. Nie oor wat jy as mens is of nie is nie, of verdien of nie verdien nie, of regkry of nie regkry nie.

Bereikbaarheid

En dit is waar ek dink mense uitmis. Ons begin dink oor God se liefde van ons kant af.
Aan die een kant weet elkeen hier van sy foute en sonde en wil amper met die Fariseërs saamstem: "Hoekom sal Jesus in my belang stel... ek sou nie in my belangstel nie! Die geraamtes in my kas is baie en elke dag prop ek nuwes in.

Of ons dink aan die ander kant, wel... God sal seker my aanvaar as ek darm elke Sondag kerk toe gaan en my kant daar probeer bring. Of as ek van slegte vriende wegbly, nie suip of vry nie.

As jy so van jou kant af hier onder, boontoe redeneer... sal God altyd onbereikbaar bly selfs al is Hy hóé beskikbaar.

Dis amper soos jou ouma se koekieblik op haar yskas toe jy 'n kleutertjie was. Daar om te vat (beskikbaar), maar jy sal nie self kan bykom nie (onbereikbaar).

Maar 'n loskom/verlos wees van 'n gejaag agter God se goed aan of agter jou eie goedkeuring aan, ...dis bereikbaar vir elkeen wat van bo af ondertoe redeneer. Elkeen wat aanvaar dat God aarde toe gekom het in Christus om in sy dood en opstanding aan die kruis die liefde vir ons te wys en te gee wat ons op die ander plekke gesoek het.

As hierdie loswees van die mal gejaag na geluk en vrede oor myself dan so oop en bloot gereed is, hoe mis ons dit, en wat kan ons daaraan doen? Dit gaan als oor fisiese afstand en innerlike afstand.

Hoe ons uitmis

Die jongste en die oudste seun mis uit op die seëninge van hulle pa op twee verskillende maniere.

Die jongste seun skep ‘n fisiese afstand tussen hom en sy pa. Hy vat sy goed en gaan bly in ‘n vêr land waar sy pa nie al die verkeerde dinge kan sien wat hy doen nie. Die oudste seun skep ‘n innerlike afstand tussen hom en sy pa. Alles wat hy doen lyk reg, maar sy hart hou hy toe.

Ons skep self ‘n ‘fisiese afstand’ deur veilig weg te bly van wat God vir ons gee. Kerk en kerkgoeters of Christen vriende en familie wat dalk net ons pret wil bederf. Die maklikste is om net weg te bly.

En dan mis jy uit, nie omdat God jou straf nie, maar omdat jy bloot net nie daar is om te kry as Hy uitdeel nie!! En die antwoord is om nederig dus elke geleentheid te begin soek en te vat.

Maar daar is ook iets soos innerlike afstand. Jy kan soos die Fariseërs en skrifgeleerdes groot ‘kermense’ wees, maar ver van God af. Hulle was elke dag in die sinagoges en in godsdienstige bidplekke. Maar dit help nie om fisies daar te wees en dan maar steeds trots dat jy daar is, binne in jou hart toe te hou nie. Jy gaan ook nie saam die ander mense daar bly kan wees oor God, Jesus en die evangelie nie want julle is net daar om elmboë te stamp vir kanse op nog goedkeuring.

Wanneer God se goed vir my leeg bly, en die jaag van God se goedkeuring my uiteindelik sat maak... dis dan tyd om die fisiese en innerlike afstand te ruil vir die eenvoudige aanvaarding van God-self se eie goedheid in en deur die kruis van Jesus – en daarin verlossing te smaak.

Slot

Party mense soek verlossing van die moeilikheid van die lewe en sy dinge deur God se goed,
Die ander soek dit deur God se goedkeuring...

Dis van hierdie twee paaie dat Jesus ons kom loskoop om vervulling te kry in God se goedheid-self.

Hy is 100% beskikbaar, bereikbaar en oorgenoeg.

Mag ons as Trinitas so saam lewe dat mense van Vanderbijl 'nee' wil sê vir God se goed omdat hulle God se goedheid by ons sien.
En mag ons nie self elmboogstamp vir goedkeuring nie maar eenvoudig saam bly wees oor God se goedheid vir ons.
AMEN!!

Griffel van Wyk
Trinitas
8 Feb 2015